



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

MEI/JUNIE 2026

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 70

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 36 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

Kies TWEE afdelings.

AFDELING A: ROMAN		
Beantwoord slegs EEN vraag.		
VRAAGNOMMER	PUNTE	BLADSYNOMMER
1. <i>Kringe in 'n Bos</i>	35	4
2. <i>Die Ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom</i>	35	7
3. <i>Meeulanders</i>	35	11
4. <i>Lien se Lankstaanskoene</i>	35	14
AFDELING B: DRAMA		
Beantwoord slegs EEN vraag.		
5. <i>Poppie – Die Drama</i>	35	19
6. <i>Paljas</i>	35	22
7. <i>Fiela se Kind – Die Drama</i>	35	25
AFDELING C: KORTVERHALE		
Beantwoord vrae oor AL TWEE kortverhale.		
8.1 <i>"Two-step in die Moederstad"</i>	18	30
EN		
8.2 <i>"Kringloop"</i>	17	31
AFDELING D: GEDIGTE		
Beantwoord vrae oor AL TWEE gedigte.		
9.1 <i>"Dans van die reën"</i>	18	34
EN		
9.2 <i>"Die hardloper"</i>	17	35

NASIENRIGLYNE

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien net TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die nasienriglyne nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd beskou. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou. Indien die woord 'n dialekvorm is, word dit aanvaar.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie gepeenaliseer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Indien die kandidaat antwoorde met Engelse woorde in gee, druk die Engelse woorde toe en kyk of dit die antwoord beïnvloed. Indien nie, sien die antwoord na. 'n Uitsondering is die Engelse terminologie of woordeskat in die voorgeskrewe werke.
- Indien vergelyking, innerlike konflik, kontras, ooreenkoms, verskil, ironie, verband of verandering gevra word, verdien die kandidaat 1 punt indien slegs een kant gestel word en 2 punte indien albei kante gestel word. Indien die kandidaat se antwoord die verskil na beide kante omskryf, m.a.w. die een antwoord sluit beide kante in, word 2 punte toegeken.
- Indien 'n verduideliking gevra word, moet die denkprosesse van die kandidaat gevolg word om te bepaal of die antwoord gegee is. Moenie slegs die eerste sin nasien nie. Indien 'n feitefout die argument beïnvloed of omvergooi, word daar nie verder gelees nie. Indien die feitefout onbenullig is, word die kandidaat nie gepeenaliseer nie.
- By aanhalings moet opdragte uitgevoer word, byvoorbeeld EEN WOORD beteken slegs een woord. Dit kan uitgelig word (aanhalingstekens, hoofletters, geglim, onderstreep).
- Indien die kandidaat twee of meer feite moet gee, kan dit in ('n) sin(ne) of met kolpunte gegee word. Sien eerste twee feite na ongeag horisontaal of vertikaal.

AFDELING A: ROMAN**VRAAG 1: KRINGE IN 'N BOS – Dalene Matthee**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	lees	1
1.1.2	houtkopers	1
1.1.3	MacDonald	1
1.1.4	Homtini	1
1.2	• Hy het 'n betaalde liksens gehad. • Hy het die reg gehad om te kap. • Die Goewerment sou nie almal kon dophou/beheer nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.3.1	herhaling	1
1.3.2	Saul ... • was vasberade om sy pa te laat verstaan dat hy nie die boom gaan afkap nie. • het teen sy pa in opstand gekom. • het besluit om nie iets te doen wat teen sy wil/hart is nie. • het sy hart gevolg omdat hy gedink het dat bome kan voel. • het 'n onbeheerbare koppigheid in hom gehad. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.4	Saul het ... • sy ouerhuis/familie/die Bos verlaat. • in die dorp gaan bly. • by MacDonald begin werk. • in MacDonald se skuur gaan bly. • 'n seer lyf gehad waar die assegaai hom getref het. • vir die eerste keer die see gesien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.5	B/aggressief	1
1.6	Saul ... • het geleer om vir homself op te staan. • het geweier om die Bos te vernietig/die kalender af te kap. • wou nie bome afkap wat nie die stempel dra nie. • wou nie deel van die skewe sirkel wees nie. • het gaan goud delf, want dit behoort aan die Bos (mense). • het ryk geword (sonder om die Bos te vernietig). • was selfonderhoudend. • het besluit om die Bos nie finaal te verlaat nie. • het 'n houtkoper geword. • het 'n meubelmaker geword. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2

1.7	Joram ... - wou nie die dokter laat kom nie, want hy verkies tant Martjie se boerate. - het verag dat sy kinders dinge moes doen soos toe hy grootgeword het/in sy voetspore volg. - het geglo die Bos was daar vir hulle oorlewing/gewin (bv. olifante is vir ivoor geskiet en om die lewer te eet/bome is afgekap as dit nodig was/seldsame bloubokkies is gejag, ens.). - wou nie nuwe idees aanvaar nie (bv. die bloubokkie se gal wat nie in sy kop sit nie/die goudneerslag wat hulle ryk kan maak, ens.). - het geweier om van houtkapper na goudelwer te verander. - het geweier dat hulle op Sondae werk. - het geglo die kinders moet saam met hom in die span werk. - het dit by sy voorouers geleer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.8	Ek kan dit verstaan, want ... - ek het ook al my broer teen my pa beskerm. - ek het ook al aangebied om iets te doen wat hy nie wou doen nie. - soms doen ek ook dinge om die vrede te bewaar. - ek hou ook nie van konflik/ongelukkigheid nie. - die werk moet tog gedoen word. - Jozef het gesien dat Saul hulp nodig het. - Jozef was ouer en het alles gedoen wat sy pa gesê het. - Jozef het nog nooit sy pa getart/bevraagteken nie/kon sien dat sy pa bloedig kwaad is/geweet dat sy pa kwaai/koppig was. - Jozef was bang vir sy pa en wou net die stryery stop. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.9	Dit laat my goed voel, want ... - Saul wys hy is 'n individu wat self sy keuses sal maak. - hy wys hy is 'n leier en nie 'n volgeling nie. - dit wys hy dink oor dinge voordat hy optree. - Saul leef volgens/staan by dit waarin hy glo/wat reg is. - hy is selfgeldend. - Saul het die Bos vir die nageslag beskerm. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.10.1	E/het vir <i>goodfors</i> gaan smeek.	1
1.10.2	D/het geld uit die Bosmense gemaak.	1
1.10.3	A/het onder moeilike omstandighede vir arm kinders gaan skoolhou.	1
1.10.4	C/het nooit teen sy mense gedraai nie.	1
1.11	- Jozef het vir Terblans gevra om Oupoot te skiet. - Maska het Saul op die <i>Pictor</i> besoek. - Saul het vir Maska gevra om sy geweer te leen. - Saul het vir Maska gesê om vir Kate te gaan roep. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)	1 1 1 1

1.12	Stopforth/Iemand het vir Oupoot geskiet.	1
1.13.1	weet Saul praat die waarheid	1
1.13.2	Jozef het erken dat hy ... • Saul gehaat het. • nie die moed gehad het om die bloubokkie se kop oop te kap nie. • te bang was om teen sy pa se wil/woord te gaan. • self besef het dat dinge tussen hulle nie so kon aangaan nie. • liever in sy pa se voetspore wou volg (en nie wou verander nie). • jaloers was op Saul wat dinge bevraagteken het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 1.13.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 1.13.2 te verdien.)</i>	1
1.14.1	vooordeel	1
1.14.2	• Jozef kon Saul blameer vir alles wat in die Bos verkeerd gegaan het. • Jozef het geglo dat Saul ... ○ vir die boswagter vertel het waar hulle gekap het. ○ op hulle gespioeneer het. ○ die Bosmense verrai het (bv. oor die ivoor wat onder die hout weggesteek is). ○ moeilikheid kom maak het met sy praatjies oor goud in die Bos. ○ hulle skade wou berokken as hy oor die beskerming van die Bos gepraat het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.15	B/die Bos heeltemal uitgeroei sal word.	1
1.16.1	• Almal wat die Bos vernietig • Houtkappers • Houtkopers • Delwers <i>(Enige EEN)</i>	1
1.16.2	• Die Bos sal oor 'n aantal jare uitgeroei wees. • Mense sal die Bos vernietig/al die plante/bome uitkap. • Daar sal niks van die Bos oorbly nie. • Daar sal net onbruikbare bos oorbly. • Die houtkappers sal almal sonder werk wees/geen toekoms hê nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.17	Saul ... • wou vir Stopforth 'n prys vir Oupoot se tande aanbied. • het gesweer dat geen deel van Oupoot die Bos sou verlaat nie. • sou nie toelaat dat Freek Oupoot se tande koop nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

1.18	- Saul lug sy bekommernisse teenoor Jozef (al wil Jozef dit nie hoor nie). - Saul wys Jozef pertinent op sekere dinge (al dink Jozef dis nie Saul se saak nie). - Saul wys Jozef daarop dat sy kinders se toekoms op die spel is (al dink Jozef sy kinders het niks met Saul te doen nie). - Saul sê duidelik vir Jozef dat sy kinders 'n donker toekoms sal hê/altyd gelapte klere sal dra/vir min geld sal moet werk/ongeleetterd sal bly/vir altyd by sal moet swaai. - Saul beklemtoon dat daar later geen bome sal wees om te kap nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
1.19	Saul het ... - uitgevind dat die Bosmense liegstories glo/nie alles weet nie. - besluit om 'n pad te stap wat iewers gaan uitkom. - ander dinge geleer toe hy by MacDonald gaan werk het, bv. die skewe sirkel/die uitbuiting van die Bosmense/die houtbedryf, ens. - uitgevind dat hy en Oupoot altyd die skuld vir alles sou kry. - uitgevind dat daar goud in die Bos is. - leer goud delf. - ryk geword. - deel geword van die sosiale kringe van Knysna/Engels geleer. - nie toegelaat dat die stigma van "all woodcutters are wild and dirty" sy toekoms bepaal nie. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
1.20	- Vir Saul was dit sy verantwoordelikheid om die Bos en sy mense te beskerm. - Saul het verskeie kringe in die Bos geloop, bv. vir Arend gaan haal en sy pa om verskoning gaan vra. - Saul het 'n kring deur die Bos voltooi deur weg te gaan en weer terug te kom. - Saul kon nie toelaat dat iemand anders/Terblans sy dierbroer/Oupoot skiet nie. - Oupoot het vir Saul kringe deur die Bos laat loop om die vernietiging te sien. - Saul kon nie die Bos sonder 'n beskermmer laat nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM – Marita van der Vyver

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1.1	Mana	1
2.1.2	Tafelberg	1
2.1.3	vyftiende	1
2.1.4	geverf/geskilder/geteken	1

2.2.1	'n aanname	1
2.2.2	- Almal het geweet Margot was 'n aktrise in Hollywood. - Beyers het gesê sy is 'n "glamour queen". - Hanna het by Beyers gehoor sy het die houding van 'n koningin. - Beyers het gesê Margot doen nie huishoudelike takies nie. - Yann het gesê sy wil 'n "entrance" maak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.3	- Margot het Amos agtergelaat/by Beyers gelos toe hy net drie jaar oud was. - Sy het in Amerika gewoon/gewerk. - Sy het nie gereeld Suid-Afrika toe gekom nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.4	- Hanna wou gehad het Sharon moes vroeër kom as wat beplan was. - Hanna wou Sharon daar gehad het voor Gavin opgedaag het. - Hanna wou versterkings hê voor Gavin se opwagting. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.5.1	voel dat hy nie raakgesien word nie	1
2.5.2	- Sy ma het te lank saam met Amos in die motor gesit. - Sy ma het te veel tyd/aandag aan Amos gegee. - Mana het vergeet dat Yann haar ook gemis het/net so lanklaas gesien het/ook nie kon wag om haar te sien nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 2.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 2.5.2 te verdien.)</i>	1
2.6	C/sarkasties	1
2.7	Hanna het geleer om ... - saam met die gesin te werk/huistake te deel. - saam pret te hê/pret te hê met min dinge om haar/ten spyte van die omstandighede. 'n klein ruimte met die ander mense te deel. - met min materiële dinge klaar te kom. - tevrede te wees met eenvoudige omstandighede. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
2.8	Mana het ... - Beyers se kinders help grootmaak. - Amos aangesê om droë klere te gaan aantrek (sodat hy nie siek word nie). - Amos jammer gekry omdat hy sy ma so lanklaas gesien het. - vir Amos Milo aangebied. - vir Margot iets te drinke aangebied. - vir Gavin van Beyers se klere aangebied. - al die vreemdelinge met liefde/geduld in die huis verwelkom. - begrip gehad vir Margot wat haar kinders so min gesien het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

2.9.1	B/het nie aandag aan voorkoms gegee tydens Ditjie se geboorte nie.	1
2.9.2	C/het maklik met kinders oor die weg gekom.	1
2.9.3	E/het maar gaan help, sodat almal gerus kon voel.	1
2.9.4	A/het hartseer gevoel omdat sy ma nie gedoen het wat sy gesê het sy sou doen nie.	1
2.10	- Yann het die helikopter se aandag met 'n rooi vlag getrek. - Margot het belowe om by haar kinders in die Kaap te gaan kuier. - Margot is saam met Mana-hulle in die helikopter weg. - Hanna het besluit sy het nie meer vir Fabienne in haar lewe nodig nie. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
2.11.1	- Hanna se gesin - Hanna se gesin en Margot/die <i>queen</i> - Mana, Beyers, die kinders en Margot - Almal wat reeds op die berg was <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.11.2	- Hy het nie van hulle uitrustings/kleredrag gehou nie. - Hulle dra verskillende lae klere (wat nie by sy styl pas nie). - Hulle dra klere wat glad nie bymekaar pas nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.12	Hy het vir haar 'n (eenvoudige swart/cashmere) trui gegee.	1
2.13	D/nie wou wys dat sy dink dit is snaaks nie	1
2.14.1	klanknabootsing	1
2.14.2	- Dit is die klank/geluid wat hulle gehoor het toe Gavin die huis binne val. - Gavin het so hard geval toe hy by die huis ingekom het, dat almal dit gehoor het. - Almal kon hoor hoe hard hy by die huis ingekom het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
2.15	Sharon ... - het op die goeie/positiewe dinge gefokus (en so my aandag getrek). - het altyd die goeie/positiewe dinge in ander mense raakgesien (en dit onder ander se aandag gebring). - het probeer om Hanna die positiewe/mooi/rede vir dankbaarheid in situasies te laat insien. - het in meer as net die oppervlakkige deel van die mens belanggestel. - was bereid om haar gemak prys te gee om Hanna se verjaarsdag te vier/by haar ouma te gaan kuier/in 'n eenvoudige huis te gaan vakansie hou. - het Hanna gehelp om Yann in 'n ander lig te sien. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

2.16	Dit laat my goed voel, want Margot ... • en haar kinders kon mekaar weer sien/herenig. • kon met Ditjie se geboorte help/kophou/beheer neem. • het vir Hanna gewys dat sy mooi/uniek/nie vaal is nie. • het Hanna aangemoedig om oor haarself te skryf en Fabienne te laat gaan. • het gesorg vir pret en plesier op die berg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.17	Ek kan dit verstaan, want Yann ... • het Gavin glad nie geken nie. • was 'n baie privaat karakter/het nie oor persoonlike sake gepraat nie. • het ander mense op 'n afstand gehou. • het nie daarvan gehou dat die aandag op hom moes wees nie. • het probeer om Sharon te beïndruk en het nie in Gavin se opmerkings belanggestel nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.18	Margot ... • kon openlik met Gavin oor haar lewe/verhouding met haar kinders gesels. • het besef ander mense weet sy gee voor om iets/iemand te wees wat sy nie regtig is nie/kon leer om haarself te wees. • kon dinge oor haarself uit Gavin se kritiek leer. • het gevoel sy het waarde nadat Gavin vir haar gesê het sy is <i>fabulous</i>. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
2.19	• By Beyers het Hanna geleer dat hy nie baie geld gehad het nie, maar hy was goed vir Mana en die kinders. • Die tyd in die eenvoudige huis op die berg het Hanna geleer dat daar baie dinge is wat jy kan doen sonder om geld te gebruik. • By Gavin het Hanna geleer dat hy nie sy beroep/status/geld aan ander opgedring het nie. • By Sharon het sy geleer dat jy baie geld/duur motors/mooi klere mag hê en steeds die eenvoudige dinge in die lewe waardeer. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
2.20	• Die verskillende mense saam met wie Hanna die avonture op die berg beleef het, het vir haar die materiaal vir haar boek gegee. • Na haar avonture op die berg en die verskillende karakters wat deel was daarvan, het Hanna besluit om oor haar ware lewe en ware mense te skryf. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	Weskus	1
3.1.2	stiefbroer	1
3.1.3	twee	1
3.1.4	Matthys	1
3.2	C/aggressief	1
3.3.1	Elsabet	1
3.3.2	Fred het die ... • familie/Blanckenbergs 'n slegte naam gegee. • gemeenskap/mense iets gegee om oor te praat/skinder. • Blanckenbergs se beeld vernietig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.4	• Janka het op Meeuland agtergebly. • Janka sou elke maand vir ses/6 dae Salamanderbaai toe gaan. • Janka was by Jacob/Ryna/Jacob en Ryna. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.5.1	partydig vir	1
3.5.2	Hermanus is partydig, want ... • Schalk het sonder sy ma grootgeword. • Hermanus was nie betrokke tydens sy grootwordjare nie. • Hermanus het altyd gedink Fred is opreg en eerlik, nou beseef hy dat Skalla so was. • Hermanus het skuldgevoelens oor Skalla gehad. • niemand het ooit Schalk se goeie kwaliteite raakgesien nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.6	• Hermanus het geweet dat Fred en Skalla 'n slegte verhouding gehad het. • 'n Mens vergelyk nie jou (twee) kinders met mekaar nie. • Hermanus het geweet hoeveel moeilikheid Skalla al vir Fred veroorsaak het. • Hermanus het geweet dat Skalla al vir Fred gedreig het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.7	A/Fred baie ontsteld was oor Hermanus se woorde.	1

3.8	Ek voel jammer vir Fred, want ... • Fred verwys na en beklemtoon dáárdie aand, wat wys hoe een aand sy drome/lewe verander het. • as gevolg van iemand anders/Skalla het sy vrou pyn en leed ervaar. • Skalla het Fred se vrou in 'n rolstoel laat beland as gevolg van sy drinkery. • een aand se onverantwoordelikheid het veroorsaak dat Fred nooit weer gelukkig in sy huwelik was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.9	Dit laat my goed voel, want Hermanus het ... • nog respek vir die huwelik gehad. • alles probeer om vir Fred te wys dat hy verkeerd is. • desperaat gevoel, want dit was die tweede keer dat een van sy seuns vir Jacob seermaak. • sy plig om morele waardes toe te pas, ernstig opgeneem. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.10	Elsabet ... • wou nooit daar wees nie. • het net met Jacob getrou om weg te kom van Fred af. • was eensaam/het die dorpslewe/winkels gemis. • het afgesny gevoel van alles en almal. • was moeg gesukkel sonder krane en krag/elektrisiteit. • was moeg daarvoor om nie self kos te kan koop nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.11	Ek kan dit verstaan, want ... • ouers moet vir hulle kinders sê as hulle die oorsaak van iemand se ongeluk/seer/pyn was. • as daar nie 'n derde party was nie, kon ek en my meisie/kêrel ons probleme uitsorteer het. • as daar nie 'n derde party was nie, het my ouers nie geskei nie. • my pa raak ook ontsteld as ek elke keer dieselfde verkeerde goed doen. • my pa respekteer ook/doen ook alles om ander mense se huwelik 'n kans te gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.12	Elsabet het ... • alkohol misbruik/te veel gedrink. • Skalla die geleentheid gegee om haar te soen en wou hom nie stop nie. • weggevlug van Fred af/Meeuland toe probeer vlug. • in 'n bootongeluk op pad Meeuland toe gesterf. • nooit soos die vrou in die huis gevoel nie. • net teenstand van die kinders gekry. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2
3.13	• Jacob het besef dat hy verlief is op Ryna. • Elsabet en Fred het getrou. • Ryna het vir Jacob van haar verlede vertel. • Skalla het die Meeulanders se Kersdag hartseer gemaak. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)	1 1 1 1

3.14	Ryna het gesê dat dit Skalla was wat haar man/Vincent en haar seun/Ronnie se dood veroorsaak het/die aand met die brand in hulle huis was/die tatoeëermerk gehad het wat sy van daardie aand kon onthou. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.15	Kinnie ... • is dood (met die baba se geboorte). • het hartseer en onseker tye beleef. • het met seer geheime rondgeloop. • het nie vir haar familie van die baba vertel nie. • het indirek bygedra tot Sheila se selfdood. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.16.1	C/het net hartseer en probleme vir ander gebring.	1
3.16.2	A/het 'n stabiele lewe verlaat om leuens en hartseer te beleef.	1
3.16.3	E/het die vrouens vir wie hy lief was, se lewens vernietig.	1
3.16.4	B/het nie die moed gehad om geheime en inligting te bespreek wat mense sou seermaak nie.	1
3.17.1	verkeerde dinge met en teenoor Kinnie gedoen het.	1
3.17.2	• Kinnie het swanger geraak. • Fred wou nie Kinnie se kind as syne aanvaar nie. • Fred het Kinnie afgedank. • Fred het vir Kinnie geld aangebied. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 3.17.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 3.17.2 te verdien.)	1
3.18.1	'n metafoor	1
3.18.2	• Dit verwys na die verlede/lank gelede. • Ryna onthou alles wat met Kinnie se kind gebeur het. • Dit verwys na 'n geheim wat diep weggebêre is/Elsabet se kind se geboorte. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.19	Ryna kon ... • 'n ma-figuur vir Janka en Daniel wees. • emosioneel gesond word. • liefde vind. • op Meeuland ver van Kaapstad haar talente uitleef. • mense ontmoet wat haar bygestaan het. • begrip hê vir Fred en sy foute. • lewenslesse by ander leer wat haar in haar eie lewe gehelp het. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2

3.20	- Jacob was 'n Meeulander wat besef het hy het Jannerik, Ryna en Janka nodig. - Op Meeuland het die Meeulanders (Jacob, Jannerik en Ryna) iets goed van 'n slegte saak gemaak. - Almal (Jacob, Attie, Jannerik, Daniel en Ryna) wat op Meeuland kom bly het, het mekaar verstaan/bygestaan/gehelp. - Janka het die Meeulanders saamgebind, want almal moes help om haar te versorg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1.1	Pretoria	1
4.1.2	Malie	1
4.1.3	(haar-)salon	1
4.1.4	pruik	1
4.2	- Haar pa is gestraf vir bedrog (omdat hy sy kliënte se geld gesteel het). - Haar pa is tronk toe gestuur/opgesluit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.3	Norah se musiek het ... - Lien gehelp om die situasie tuis te hanteer. - haar van haar probleme laat vergeet. - Lien deur moeilike tye gehelp. - vir Lien hoop/antwoorde gegee. - Lien gekalmeer. - Lien laat voel dat die lirieke met haar praat/haar lewe verwoord. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.4	B/haarself nie versorg het nie en oud lyk.	1
4.5.1	daar is nie goeie versorging in die huis nie	1
4.5.2	Lien se ma het ... - nie kos gekoop/gekook nie. - die heertyd gedrink. - niks vir Lien en Braam gedoen nie/nie tyd saam met die kinders deurgebring nie. - haar van die gesin onttrek. - min kos in die yskas gehad. - eerder wyn as kos gekoop. - haar rol as moeder van die huis op Lien afgeskuif. - veroorzaak dat Lien werk moes soek om vir haar en Braam te sorg. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Die antwoord op VRAAG 4.5.1 moet reg wees om die punt by VRAAG 4.5.2 te verdien.)	1

4.6	- Lien se ma het glad nie meer gespeel nie. - Lien se ma het nie meer die klavier gebruik nie. - As jy iets nie gebruik nie, is dit beter om dit te verkoop. - Lien het gevoel dat haar ma geld kon maak deur klavierlesse aan te bied. - Sy kon geld kry vir die klavier om sodoende die finansiële las by die huis te verlig. - Die klavier het 'n simbool geword van 'n gelukkige verlede wat nie meer bestaan nie. - Lien was kwaad omdat haar ma in niks meer belanggestel het nie. - Lien het gevoel haar ma gooi haar talente weg. - Lien was teleurgesteld in haar ma/ongelukkig met haar ma. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde. Kandidaat kan fokus op die verkoop van die klavier of die gevoel daaroor.)</i>	1
4.7.1	partydig vir	1
4.7.2	- Lien het besef dat haar ma alles verloor het/deur baie uitdagings moes gaan. - Lien het gesien hoe swaar haar ma gekry het. - Lien kon die seerkry in haar ma sien. - Lien het probeer verduidelik dat haar ma nie altyd so was nie. - Lien het verstaan dat haar pa se dade skaamte/skuld by haar ma gebring het. - Emosionele probleme maak 'n mens oud. - Lien wou verduidelik dat musiek haar ma se enigste ontvlugting is. - Lien kon nog die mooi/goeie onthou. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.8	Ek voel jammer vir Lien, want .. - sy praat met haar ma oor musiek en noem dit kakofonie. - dit lyk of haar ma nie wil hoor wat sy sê nie. - Lien vra/smeek/pleit (asseblief dat haar ma vir haar iets moet speel). - sy gebruik die hiperbool/woorde "eeue gelede" - Lien probeer haar ma aanmoedig om haar ou self te wees. - sy het haar versoek aan haar ma herhaal. - sy het die verhouding tussen haar en haar ma probeer verbeter. - haar ma se aksies het meer innerlike konflik by haar veroorsaak. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1

4.9	Dit laat my goed voel, want Lien ... • het geweet hoe moeilik die situasie vir Braam was. • het geweet Braam sou niks van niemand vra nie. • as ouer suster behoort verantwoordelikheid te neem vir 'n jonger broer. • het die regte ding gedoen. • het Braam gehelp omdat daar niemand anders was om te help nie. • het sy behoeftes raakgesien. • het gewys dat sy baie lief was/omgegee het vir Braam. • het nie opgegee om Braam te help nie, al was dinge moeilik. • was onselfsugtig, het eerder in Braam se behoeftes voorsien. • het ingetree toe haar ma nie kon nie. • wou vir Braam teen vernedering beskerm. • het 'n goeie voorbeeld van hulp vir Braam gestel. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.10	A/vrolike	1
4.11	Christien ... • het haar werk begin afskeep. • het van die werk af begin wegbly. • het gemaak asof sy siek was om nie werk toe te gaan nie. • het haar werk verloor. • was afgedank. • het dalk by die werk ook gedrink. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.12	• Tannie Bets het vir hulle kos gemaak/hulle versorg. • Tannie Bets het vir Lien 'n agtiende verjaarsdagpartytjie gehou. • Tannie Bets het vir Lien werk gereël. • Dirkie het vir Lien gehelp om vir Tibbey op te spoor. • Dirkie het vir haar tee gemaak as dit sleg met haar gegaan het/'n vertroueling geword/'n geleentheid huis toe gegee, na werk/'n geleentheid hospitaal toe gegee vir besoektyd. • Wouter het haar gehelp om haar ma wat dronk skool toe gekom het, by die huis te kry. • Gerhard het haar ma kliniek toe laat gaan. • Gerhard het gehelp dat Lien skool suksesvol kon klaarmaak/se kerk het finansieel gehelp. • Miemie het haar 'n geleentheid huis toe gegee. • Hein het Lien met Tibbey se karretjie/blyplek gehelp. • Hein het Lien gehelp om Tibbey en sy karretjie huis toe te vat. • Roos het haar raad oor haar skoene gegee en dit het gewerk. • Dirkie en Donovan het twee keer vir haar werk gegee. • Juffrou Breytenbach het Lien haar passie vir drama laat ontdek. • Lien het geleer dat sy ander kan vertrou/positief oor mense kan voel. • Lien het besef dat daar mense is wat vir haar omgee. • Dit het Lien selfvertroue en dapperheid geleer. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)	2

4.13	- Wouter en Lien het vriende geword. - Roos het Lien gehelp om vir haar bedel op straat voor te berei. - Sally het Lien verras met haar optrede in die badkamer. - Miemie het Lien na haar huis toe genooi. <i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek is.)</i>	1 1 1 1
4.14.1	'n metafoor	1
4.14.2	- Vir Lien was die verhoog 'n veilige plek/haar gemakssone. - Lien het die toneelspel/verhoog baie geniet. - Lien het die rol as <i>Weird Maria</i> geniet. - Lien was gelukkig op die verhoog. - Lien kon hier van haar probleme ontvlug. - Die plek waar sy haar passie kon uitleef. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.15	Lien het ... - vriende gemaak. - kon saam met Hein kuier/Hein beter leer ken. - haar ware passie in drama ontdek. - saam met die ander kinders partytjie gaan hou. - gewet sy kon nou net op haar matriekjaar fokus. - deel van die skool gevoel/meer positief oor die skool gevoel. - nuwe hoop gekry om haar drome te volg. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
4.16.1	Lien verwys na haar ma wat uit die kliniek gekom het. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.16.2	Lien het ... - nie gewet dat haar ma uit die kliniek was nie. - daarmee gewys dat sy en haar ma nog nie op 'n goeie plek was nie. - nie eers gewet dat haar ma daar sou wees nie. - met die retoriese vrae gewys dat sy nog twyfel aan haar ma se gesondwees. - met skok/verbasing besef dat die tyd vinnig verbygegaan het. - emosionele wroeging ervaar toe sy haar ma gesien het. - skuldig gevoel dat sy nie op hoogte was met haar ma se vordering/rehabilitasie nie. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.17	- Lien het besluit om drama te gaan studeer. - Lien het al lankal vir haar pa gesê dat sy nie meer 'n prokureur wou wees nie. - Lien het in die naspel 'n T-hemp gedra wat sê "...uks drama". <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
4.18.1	C/het self depressief geraak na die ongeluk.	1
4.18.2	D/het gehelp toe niemand anders wou help nie.	1
4.18.3	A/het toe die krieketspan geborg.	1

4.18.4	B/wat haar die kans gegee het om op haar skoolwerk te fokus.	1
4.19	Ek kan dit verstaan, want ... • as ek so lanklaas voor mense gespeel het, sou ek ook bang gewees het. • ek sou ook bang gewees het (vir die ander mense se reaksie). • ek sou nie geweet het hoe my kinders sou voel nie. • as ek nou net uit die kliniek gekom het, sou ek ook eers moed moes bymekaarskraap. • ek sou wonder of ek nog kon speel. • sy het min selfvertroue gehad. • dit is moeilik om voor vreemdelinge te speel. • ek moet eers my emosies onder beheer kry. • onsekerheid het my talent aanvanklik oorheers. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
4.20	• Lien het besef dat alles nie altyd is soos jy dit sien nie. • Lien moes leer om mense (soos Roos, Johnny, Tibbey en Sally) te aanvaar/probeer verstaan. • Lien het empatie met mense aangeleer, want mense het dit vir haar ook gegee. • Lien moes leer om haar pa vir sy foute te vergewe. • Lien het begin verstaan wie haar ma regtig was. • Sy het begin verstaan hoekom Braam opgetree het soos wat hy het. • Miemie se huislike omstandighede het haar laat besef dat almal probleme het, (al het hulle baie geld). • Lien moes besef dat daar nie 'n kitsoplossing vir haar probleem is nie en sy moet geduldig wees. • 'n Mens kan nie ander oordeel as jy nie hulle omstandighede ken nie. • Lien het haar bedelaarsvriende na die vertoning genooi. • Lien het besef dat almal probleme op hulle eie manier verwerk. • 'n Persoon se innerlike/menswees dra meer waarde as geld. • Lien het besef dat almal nie net sleg in hulle het nie. • Lien het besef dat almal net mense is, ongeag omstandighede en klas. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)	1
		[35]

	TOTAAL AFDELING A:	35
--	---------------------------	-----------

AFDELING B: DRAMA**VRAAG 5: POPPIE, DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotzé**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1.1	munisipaliteit	1
5.1.2	Nyanga	1
5.1.3	jaar	1
5.1.4	(slaap-/bly-)plek	1
5.2	• Poppie moes gaan werk om vir haar mense te sorg. • Katie moes Poppie se kinders oppas sodat Poppie kon gaan werk. • Poppie moes dit vir Mama gedoen het toe sy gewerk het. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.3	Stone het ... • werk (as boilermaker by die fabriek) gekry. • vir Poppie daar ontmoet. • sy eie huis daar gehad. • daar met 'n gesin begin. • daar Afrikaans leer praat. • geld gespaar/Poppie met vakansie Herschel toe gevat. • 'n erf gekry om 'n huis te kon bou. • daar met Poppie getrou. <i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	2
5.4	• Hy moes by sy vorige werk bedank. • Stone het sy werkspermit gekry. <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
5.5	D/ongeduldig	1
5.6.1	diskriminasie	1
